Terwyl ‘n vrou een aand die tafel dek saammet haar dogtertjie wat haar help, hak die dogtertjie skielik af: “As ek kon kies, sou ek ‘n lepel wou wees!”
“‘n Lepel? Wat van ‘n mes of ‘n vurk?” wou die mamma by haar dogtertjie weet.
“Vurke is te grypperig - hulle steek altyd goed en neem goed asof dit hulle sin is!”
Vurke is “gee vir my” of “wat kan ek kry” mense. Hulle volg Jesus op hulle eie voorwaardes.
“Goed, wat van ‘n mes?” “Nee, messe is “scary” hulle maak jou bang... hulle sny dinge op en vernietig dit, jy kan nie regtig met hulle eet nie!” Messe mense maak seer so ver as wat hulle gaan.
“Maar” het die dogtertjie verder gepraat “lepels kan baie goed optel en dit selfs aangee. Hulle is net...” “Goed, oulik en glad en vriendelik”, stel haar ma voor. “Lepels is ontwerp om dien.”
Die dogtertjie se hele gesig het opgehelder: “Mamma, ek wil ‘n lepel wees!”
“Wees ‘n lepel!” is nie net ‘n “stupid” kinderfantasie nie. Nee, dit is ‘n pragtige beeld van ‘n Christen lewenstyl, van hoe ons as kerk moet wees.

**Skriflesing:** Joh 12:1-8
**Tema:** In ‘n wêreld vol messe en vurke, wees ‘n lepel.

Waarmee mag ons nie mors nie? Ons is van kleins af geleer om nie met geld, tyd en natuurlik water te mors nie.
Maar waarmee mag of eerder moet ons as kinders van die Here mors. Ons moet God se liefde mildelik op ander uitstort. Dit is ook ons as gemeente se roeping om God se fontein van liefde te wees.

Ons is in lydenstyd, 2 weke voor paasnaweek, ‘n tyd waarin ons telkens verseker word van God, ons Vader, en Jesus Christus wat hul liefde oor ons uitstort.
Ons lees in Rom 5:6-8 in die Boodskap: “6 Christus het op presies die regte tydstip vir ons gesterf. Hy het sy lewe vir ons opgeoffer toe ons nog in die sonde rondgelê het. Dit is totaal ondenkbaar dat Christus bereid was om so iets vir ons te doen. 7 Nie een van ons sal ooit ons lewe vir iemand anders prysgee nie. Ja, miskien nog vir ’n baie goeie vriend of vir die een of ander goeie mens. 8 Maar God is heeltemal anders as ons. Hy wys juis hoe lief Hy ons het deurdat Jesus in ons plek doodgegaan het toe ons almal nog ’n spul sondaars was.”

As Sy kerk, kan ons ons nie net staan en verwonder aan sy liefde vir ons nie. Ons moet toelaat dat die Heilige Gees ook hierdie Goddelike liefde in ons werk – sy liefde wat leef met oop harte.

Terug by die gelese gedeelte.
Dit klink of Judas se hart en hande baie oop is vir armes. Maar ons moet ons nie laat mislei nie. Sy hande is toe. Hy gaan geen geld vir armes gee nie. Dit wat hy sê klink goed, maar dit gaan vir hom net oor homself. Hy het die beursie gedra en hy is opsoek na nog geld om te steel. Uiteindelik is Judas so geldgierig dat hy Jesus vir 30 silwermuntstukke verkoop of verraai. Judas is ‘n vurk en mes mens.

Martha en Maria is lepel mense.
Ons lees vir haar net 2 woorde, maar ons moet nie Martha se oop hande miskyk nie. Martha het bedien, soos ons ook in Lukas 10 lees. Sy het gesorg dat almal genoeg het om te eet.

Maria doen ‘n ongehoorde ding. Ons lees daarvan in Johannes 12:3: “Toe het Maria 'n halfliter egte, baie duur nardusolie gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy voete met haar hare afgedroog. Die hele huis is deurtrek met die geur van die reukolie.”

Die nardusolie is 300 silwermuntstukke werd. Sy het ‘n gewone arbeider se loon vir 1 jaar op Jesus se voete uitgegiet. En sy het Sy voete met haar hare afgedroog. Sy eer Jesus op ‘n spesiale manier. Sy hou niks terug nie. Sy gee haar beste, sy stort haarself, haar alles uit. Sy dien met ‘n oorvloed van uitspattige liefde.

Jesus verklaar self die betekenis van wat sy doen in Johannes 12:7: “Toe sê Jesus: “Laat staan haar. Sy moes dit hou vir hierdie dag om My te salf vir my begrafnis.”
Maria, snap iets wat baie min mense tot op hierdie stadium verstaan. En dit is dat Jesus die Messias-Koning is. Daarom moet Hy gesalf moet word soos dit 'n koning betaam - maar nie sy kop soos altyd met 'n koning gebeur het nie, sy voete moet gesalf word. Jy salf net iemand se voete wanneer jy 'n liggaam balsem. En presies dit doen Maria - sy salf Hom as koning, as koning wat sy lewe vir sondige mense kom aflê. Sy salf Hom vir sy begrafnis. Met haar daad van toewyding verklaar sy Hom tot Koning, 'n Koning wat, in die plek van sy onderdane, sal ly, sterf en begrawe word.

Maria wys dat liefde vir God nie somme maak nie, dit dien onvoorwaardelik. Liefde is roekeloos in die offers wat dit bring - dit hou nie terug nie en spaar nie vir later nie. Ware liefde het nie ‘n prys nie, dit gee net my beste vir die Here en vir my naaste.

En ware liefde maak nou ‘n verskil. Dit wat Maria doen, staan in skerp kontras met Nikodemus wat Jesus met 50 liter speserye en geurolie in sy graf weglê. (Joh 19:39)

Die geur van die reukolie het die hele huis deurtrek. Ek kon nie help om hier te dink aan 2 Korintiërs 2:15 in die Boodskap nie: “Ons is soos ’n aangename geur wat ander mense van Christus bewus maak. Ons versprei die wonderlike aroma van Christus tot eer van God. Almal wat met ons te doen het, weet daarvan: dié wat in Hom glo, en ook dié wat oppad is na die dood toe.”
Liefde leef met oop harte, wat hoorbaar word in oop monde en sigbaar word in oop hande en beursies.
Ons moet die aangename geur van God se liefde, deur sy Seun Jesus Christus, versprei.
Ons deel in die Here se oorvloed, daarom wil ons nie anders as om, uit dankbaarheid, met oorvloed te dien met ons getuienis (wat die hart van vol is, loop die mond van oor) en in ons diensbaarheid soos Martha en Maria nie.

Is Jesus in Johannes 12:8 ongevoelig vir armes se nood as Hy sê: “Die armes het julle tog altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie.”?

Nee, Hy het geweet dat iemand wat in toewyd aan Homleef, sal in toewyding aan ander mense leef. Iemand wat saam met Hom op sy lydensweg stap en kniel voor sy kruis, is iemand wat ook saam met Hom sal opstaan en die nuwe lewe aan almal in nood sal uitdeel met dieselfde roekeloosheid waarmee hy die nuwe lewe aan ons, toe nog ‘n spul sondaars was, uitgedeel het.

Moeder Teresa is 'n goeie voorbeeld van hoe toewyding aan God en toewyding aan die nood van mense, twee kante van dieselfde munt is.
Eendag toe moeder Teresa en haar helpers in die strate van Kalkutta met die armes besig was, kom hulle 'n man teë wat in 'n sloot lê, byna dood. Hy was vieslik vuil, met geskeurde klere en vlieë wat om hom swerm. Moeder Teresa het hom teen haar vasgedruk, sag met hom gepraat en hom begin skoonmaak. Iemand wat daar verbygeloop het, het vir haar geskree: "Ek sal dit nie doen vir 'n miljoen dollar nie".
Sy het dadelik geantwoord: "Ek sou ook nie."
Sy het nie gedien om vergoed te word nie. Sy het gedien omdat sy nie anders kan nie.

Ons deel in die Here se oorvloed. Daarom wil ons nie anders as om, uit dankbaarheid, met oorvloed te dien, ook met die aardse besittings wat Hy aan ons geleen het nie.

Kom ons gaan gaan ruik lekker. Ons stort soos lepels die liefde van Here oorvloedig op ander uit. Ons leef met oop harte, monde, hande en beursies omdat ons anders geword het deur die oop hande van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
Amen